## 10 April - FORMEER

**Skrifgedeelte: Psalm 144:1-15**
**Fokusgedeelte: Psalm 144:12**

"Formeer" beteken vormgee. Kan dit mooier as die vormgee van God, die groot kunstenaar? Hy het ons elkeen soos klei in die moederskoot gevorm, sê Psalm 139.

Die mooiste vormgee deur ons as mense is egter die opvoeding van ons kinders. Hierdie voorreg gee God allereers aan die ouers, maar indirek is ook die kerk, die skool of dalk oupa en ouma en ander familie by hierdie vormgee betrokke.

Dawid is die digter van Psalm 144. Hy doen baie dinge in hierdie psalm. Hy loof en dank die Here, hy bely die kleinheid van die mens, hy erken die grootheid van God en hy bid dat God sy mense, die samelewing, sy volk sal seën.

Een ding benadruk hy aan die einde (vs 15), en dit is dat die lewe sinloos en ongelukkig is waar God nie teenwoordig is nie. As deel van sy gebed (vs 11-14) bid Dawid vir die opvoeding van hulle jeug. Hy vra dat die opvoeding ware vormgee van die seuns en dogters sal wees.

Vir die vormgee van die seuns gebruik hy die vergelyking van die opkweek van plante. Daar is sekere plante wat jy moet oplei aan draad en dit vra jou deeglike aandag en fyn handwerk.

Die dogters se opvoeding (vormgee) vergelyk hy met die beste beitelwerk van 'n bouer wat die pilaar vir die paleis van die koning voorberei. Net die beste! Al jou toewyding en gereelde aandag.

Hoe hartseer as die opvoeding van ons kinders vandag in sommige huise, skole en kerke maar net 'n terloopse saak word; nie regtig meer vormgee nie; nie meer die oplei van die plantjie nie; nie meer die uitbeitel van 'n kunswerk nie, want Pa en Ma is nie meer by die huis nie. Hulle is te besig met hulle vol programme. Die kinders is by die huis, maar vasgevang voor die rekenaar. Almal te moeg vir die mooiste vormgee deur ons as mense.

*Sing: Psalm 128:3 (1936-beryming)* *Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)*